

Dinsdag 22 Augustus

Skrifgedeelte: Matteus 26:26-30

Fokusgedeelte: Matteus 26:26-27; HK Sondag 28, Vraag 75

Die nagmaal: Verskillende beskouings

Dit is opvallend dat die antwoorde van die Kategismus oor die nagmaal besonder lank en uitvoerig is. Dit is egter verstaanbaar as ons in gedagte hou dat die nagmaal tydens die Hervorming in die 16de eeu een van die ver-naamste sake was waaroor die hervormers nie net van die Rooms-Katolieke Kerk (RKK) verskil het nie, maar ook van mekaar verskil het.

Die eerste saak waaroor hulle van die RKK in verband met die nagmaal verskil het, was oor die RKK se siening dat Christus *daaglik*s deur die pries-ters aan God geoffer moet word, anders kan sondes nie vergewe word nie. Daarteenoor sê die Skrif dat Christus *net een maal* geoffer is en daardeur het Hy vir al ons sondes ten volle betaal (Heb. 10:20). Die tweede saak is die RKK se *transsubstantieleer*. Dit beteken dat as die priester die wydings-woorde (“Die brood wat ons breek ... Neem eet ... Die beker van danksegging ... Neem, drink ...”) uitspreek, verander die (substansie/wese van die) brood en wyn in die werklike liggaam en bloed van Christus. Dié siening is verwerp, omdat die Skrif leer dat Christus nou met sy liggaam in die hemel is (Hand. 1:9; 7:55).

Die *Lutherse* leer oor die nagmaal hou die volgende in: Met sy hemelvaart het Christus se liggaam alomteenwoordig geword en in alles ingetrek soos hitte deur yster geabsorbeer word as dit verhit word. Sy liggaam is nou *in, met* en *onder* alle bestaande dinge, ook in die brood en wyn by die nagmaal. Dié siening kan nie aanvaar word nie, want – soos reeds aangedui – is Christus se liggaam nou in die hemel (Hand. 1:9; 7:55). Ook het ’n mens hier met ’n vorm van panteïsme te doen, wat beteken dat alles God is.

Zwingli was weer die mening toegedaan dat die nagmaal net ’n *herinneringsmaaltyd* is, terwyl dit in werklikheid baie meer is as dit (vgl. Joh. 6:53-57).

Teenoor al hierdie standpunte was *Calvyn* daarvan oortuig dat die nagmaal (soos die doop) ’n *teken en seël* is. Met die nagmaal as teken verduidelik Christus die betekenis van sy lyding en sterwe vir ons, en met die nagmaal as seël verseker Hy ons dat ons werklik daaraan deel het. Op dié wyse is die nagmaal ook ’n herinneringsmaaltyd.

Calvyn se verklaring het in die Kategismus neerslag gevind en sal in die volgende dagstukkies verder verduidelik word. Teen die agtergrond van al genoemde uiteenlopende standpunte is dit te verstane dat daar ’n breedvoeriger uiteensetting van die nagmaal as van die ander leerstukke gegee moes word.